



## Ons vermeerder God se vreugde!

Nuusbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap

Geskryf deur Johannes Nortier

17 Februarie 2022

### Gedagte vir die week:

Elke Maandag is 'n ongesonde na-die-naweek-verlangdag.

### Vertretpunt:

Handelinge 2:37-47

### Meditasie uit die Woord:

Hulle reis saam met Jesus was ongeveer drie jaar lank. Dit was 'n reis vol opwinding en enkele oomblikke van ekstase soos die verheerliking op die berg en die strandontbyting na die opstanding. Dit was egter ook 'n reis van mislukkinge en teleurstellings waarvan Judas se verraad, Petrus se verloëning en hulle almal se vreesbevange weghardloperij by Golgota uitstaan. En nou word hierdie klompie uitgesoekte vissermanne heeltemal onverdiend en onverwags bederf met die grootste ervaring van hulle lewe. Dit is hulle skoolverlaterskamp by Hartenbos. Dit is hulle wegbreeknaweek na 'n Huisie in die Berge. Van Vrydagmiddag tot Sondagmiddag gaan hulle op 'n eilandsituasie en ervaar hulle wonderlike emosionele oomblikke. Wanneer hulle Maandag terug is in "the real world" verlang hulle na hulle kampmaatjies en wil hulle eintlik net in gebed wees. Hulle wil die wonderlike naweek verleng vir altyd. Hulle doen vreemde dinge soos om alles te verkoop en uit te deel wat hulle mettertyd ontdek nie regtig volhoubaar is nie. Dit is die proses van geloofsonderskeiding. Ons almal loop daardie pad waar ons vanuit diep emosionele oomblikke lewe net om later tot geloofsnugterheid te groei. Ons mag nie die apostels van Pinkster en ons kampmaatjies van die naweek veroordeel nie. Ons is na alles hart, siel, verstand en liggaam. En soms het ons die Here meer lief met die hart as met die verstand en andersom. Uiteindelik lei die Gees ons tot gebalanseerde lewe. Dit is ook die reis van die vroeë kerk in Handelinge, 'n reis na gebalanseerde geloof waar ek God ewe lief het met hart, verstand, siel en krag. Die naweek was "great" en diep, Maandag verlang ek terug daarna, maar Dinsdag besef ek die lewe is nie gelyk aan 'n skoolverlaterskampnaweek op Hartenbos of aan 'n wegbreeknaweek na Die Huisie in die Berge nie. Real life needs real faith! Dit is die storie van Handelinge. Soos ons vorder sal jy dit al meer agterkom.

### Reisgesprek en Youtube-skakel:

**Op Sondagoggend 20 Februarie 2022 om 09:30 hou ons 'n reisgesprek in die kerkgebou.** Jy kan aan die digitale weergawe daarvan deelneem by <https://youtu.be/6MpJDm8Ww5s>

### Meditasie uit die Lewe:

Na 37 jaar in die bediening is ek uitverkoop aan die organiese groeimodel van kerkwees waar ons van onder af saamsing en nie van bo af gedirigeer word nie. Ek sien gereeld die slottoneel in **As it is in Heaven**, waar 'n koor se lede, dirigentloos, elkeen sy eie stem sing en hulle gesamentlik die gehoor oorrumpel tot dawerende applous. In die praktyk beteken dit dat elkeen van ons ontdek wat ons het om by te dra tot die geheel en dat ons dit dan skaamteloos en vrymoedig aanbied. Dit kan ook beteken dat elkeen van ons dalk 'n behoefte het en dat ons dit bekend maak sodat die geheel ons kan help daarmee. Dit beteken beslis nie dat daar 'n mensdirigent is wat ons organiseer tot 'n voorafbepaalde "performance" nie. Elkeen ontdek sy eie stem en sing dit luid en helder. Die lewe van die geheel word bepaal deur die lewe van die dele. Wanneer ons elkeen só saamsing, word musiek, en in ons geval, God en sy kerk, die enigste wenner.

### Aantekeninge:

1. 'n Mens hoef nie altyd met almal en alles saam te stem nie. Ek nooi jou om saam met my die gawe van nederige en respekvolle gesprek te ontdek.
2. **As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net 'n epos wat lui "kanselleer nuusbrief" na [ngkagterpaarl@telkomsa.net](mailto:ngkagterpaarl@telkomsa.net) of [nortierjohannes6@gmail.com](mailto:nortierjohannes6@gmail.com)**